

# 'Dis ons plek die,' sê Magopa-stam

Deur LOU-MARIE KRUGER

*"I wish that this bus had been full of white people from comfortable suburban areas. Magopa is a microcosm of South African history — its present suffering dramatically illustrates what apartheid laws have done, and continue to do to people. The tragedy of Magopa is that a thriving, vital, productive community has been destroyed — far more than buildings have been taken from its inhabitants. If only people could see, allow themselves to see."*

Dié opmerking kom van 'n Pretorianer wat deel was van 'n groep wat saam met IDASA in Pretoria op Saterdag 24 Junie die lang pad na Magopa (tussen Ventersdorp en Koster in die Wes-Transvaal) aangepak het. Vyf-en-dertig Pretorianers het die 30 lede van die Bakwena ba Magopa-stam — wat hulself nou weer op Magopa gevestig het — ontmoet, en gehoor van 'n lang uitgerekte stryd van 'n gemeenskap om hulle grond te behou.

Die Magopa-stam het die eerste van hul twee plase in 1912 gekoop nadat hulle uit die Vrystaat getrek het. Die tweede plaas is in 1932 bygekoop. Vir 70 jaar het die stam met mielies en sonneblomme geboer, waarvan die oorskot aan koöperasies verkoop is.

In 1981 het die eerste probleme begin. Die gemeenskap het nou bestaan uit 500 huisgesinne of 3 000 mense, en het goed gelewe. Hulle het in stewige kliphuise gewoon in 'n dorpie met vier kerke, twee skole, winkels, 'n gesondheidskliniek en 'n water reservoir. Die stam het ontevrede geraak met hul hoofman, mnr Jacob More, en hom met 'n nuwe hoofman vervang. Mnr More het in die geheim met die regering 'n ooreenkoms gemaak waarvolgens die hele gemeenskap na Pachsdraai, 250 km van Magopa sou verskuif. Van die stamlede het toe saam met mnr. More na Pachsdraai getrek, maar 450 gesinne het geweier om te trek.

'n Tyd van onsekerheid en moeilikheid met die regering het nou begin. Die regering het die gemeenskap se dienste afgesny, geweier om pensioene te betaal en om winkellisensies te hernu en stadig maar seker begin om die infrastruktuur van die gemeenskap te vernietig.

Op 29 November 1983 het die stam 'n staatspresidentsbevel ontvang wat hulle in kennis gestel het dat hulle die plaas moes verlaat. Hulle het geweier, maar op 14 Februarie 1984 is Magopa deur gewapende polisie omsingel, mense is in vragmotors gelaai en na Pachsdraai vervoer en huise en ander geboue is met stoot-



'n Kleuter speel voor een van die sinkhuisies wat by Magopa opgerig is.

skrapers feitlik gelyk met die aarde gemaak.

In September 1985 het die Appellhof beslis dat die verskuiwing onwettig was, maar die gemeenskap, wat nou in Bethanie gevestig was en onmiddellik begin het om planne te maak om na hulle grond terug te keer, het uitgevind dat die grond intussen onteien is. Hulle sou dus oortreders wees as hulle na Magopa terugkeer, alhoewel hulle nog nooit enige kennisgewing van, of vergoeding vir, die onteiening ontvang nie.

Die stam het toe aangedring op onderhandelinge met die regering en het tydens onderhandelinge ingestem om hulle tydelik op Onderstepoort te vestig terwyl die regering probeer om vir hulle geskikte alternatiewe grond te kry. Alhoewel hierdie tydelike vestiging veronderstel was om op die uiterste drie maande te duur, bevind die grootste deel van die stam hulself nog steeds daar.

In 1988 het die Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp, dr. Gerrit Viljoen, ingestem dat 'n paar van die stamlede kon terugkeer na Magopa om die begrafplaas skoon te maak. In Mei 1989 het 'n regeringsbrief hierdie vergun-

ning teruggetrek en die sowat 70 stamlede op die plaas is aangesê om weer eens te trek. Hulle het geweier en in Mei het die minister 'n aansoek voor die Hooggeregshof in Pretoria gebring dat hulle verwyder moet word. Die aansoek is toegestaan en sedertdien wag die mense van Magopa in sinkhuisies tussen ruïnes om weer verskuif te word.

Maar hierdie keer, sê hulle, bly hulle net waar hulle is. "Hulle sal ons moet opsluit of doodmaak, maar hier trek ons nie weer nie," sê een van die bejaarde boere. "Dit is ons plek. Daar was my huis, langsaan was my pa se huis en daar oorkant is die fundamente van my oupa se huis. Hier is ek gebore."

Die groepie besoekers van Pretoria het verstom en verdwaas tussen die murasies rondgedwaal. "I never realised the prosperity of the Magopa community, their self-sufficiency, and extent of their houses, schools and churches. I never realised the absolute and total destruction left by the government. I never realised how much pain, fear and anger the people must feel, but today my eyes were opened," skryf iemand op die bus op pad terug huis toe.

Lang gesprekke en baie luister en kyk het iemand anders laat opmerk: "The bulldozed remains of houses, schools and churches stand as mute memorials to the white man's greed and selfishness. I felt sick. And yet, amid the shacks and desolation, stood the astonishing dignity of the Magopa elders."

Gedwonge verskuiwing bly van die mees ontstellende manifestasies van apartheid. Alhoewel die regering sê dat gedwonge verskuiwing nie meer plaasvind nie, is dit duidelik dat mense soos die Magopa-stam se lewens steeds beheer word deur 'n verskuiwing wat vroeër plaasgevind het. Dit is ook kommerwekkend dat die regering steeds mense verskuif, maar onder ander dekmantels. Sonder dat stootskrapers en gewapende polisiemane gebruik word, word dieselfde resultate verkry. Gemeenskappe soos dié van Braklaagte en Leeufontein word, byvoorbeeld, by 'n tuisland ingelyf of die regering gebruik burokratiese terrorisme (byvoorbeeld die sluit van skole, die staking van vervoerdienste, die skuif van punte waar pensioene uitbetaal word) om mense te dwing om "vrywillig" te skuif.

Intussen gaan die stryd van die Magopa-stam voort en bly dit ook voortleef in die gemeedere van die Pretorianers wat saam met IDASA besoek in die gemeenskap afgelê het.

□ Lou-Marie Kruger is IDASA's regional co-ordinator in Pretoria.

posal. But as one particularly outstanding delegate, Breyten Breytenbach, remarked in Dakar, talking to the Afrikaners in power, the ANC too will realise that to negotiate is to think on fall back positions.

My message to my own constituency in Bonn is that we must do our utmost to promote this nascent dialogue. Financially and even more so politically! We must learn to abstain from prescribing to Africans and Afrikaners what the answers to their problems are. We must particularly abstain from abusing South African (and Namibian) problems for domestic purposes! And we must include in the growing number of our severe condemnations of apartheid, to quote Otto

Count Lambsdorff, a liberal, that "it so happens that white security is the key to black liberation".

When in March 1989 the UK and the USSR surprised the diplomatic world with the news on the possibility of a common South African initiative, it was learnt that both London and Moscow will use their influence over Pretoria and the ANC (and the SACP) respectively, to moderate their views on a new South Africa. In times of an apparently decreasing interest of the US in South African affairs, London and Moscow may continue the fruitful US-UK-USSR co-operation of 1987/89 to solve the Namibian conflict. If this is to be done successfully, it will have to

be done along the lines discussed, both in the open and behind the scenes, in Dakar and at follow-up meetings in Frankfurt, Harare and, most important, in Bermuda.

It remains to be seen, whether the Bonn government will support a UK/USSR attempt to organise a negotiation-process similar to the Camp David conference on the Middle East in the late 1970s. If it does not, it will be excluded from this policy of mediation, as it was increasingly excluded from the international Namibian initiatives since October 1978.

□ Klaus Baron von der Ropp is based in Cologne and has specialised in developments in sub-Saharan Africa for many years.